

12 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 13:53-58
Fokusgedeelte: Matteus 13:58

Jy ontvang wat jy verwag

Ons kan so klein dink van Jesus Christus. Ons kan so min van Hom verwag. Ons geloof in Hom en in sy wonderdade kan so gering wees.

In sy geboortedorp Nasaret het die mense maar min van Jesus verwag. Hulle het Hom as kind geken. Hy was een van hulle, een van die kinders van die gesin van Josef en Maria, een van die vyf broers. Sy pa was mos maar net 'n timmerman en sy ma net 'n vrou soos een van hulle. Wie is Hy in alle geval? Die mense het nie die geheelbeeld gesien nie. Hulle kon nie verby hulle beperkte siening van Jesus kom nie. Hulle het Hom probeer terugtrek en beperk in hulle klein gedagte-wêreld van alledaagse gematigdheid. Hy was vir hulle maar net so gewoon soos wat hulle gewoon was.

Soms verwag ons nie van Jesus meer as wat ons self kan doen nie. Soms probeer ons Hom inperk in die klein wêreldjie van ons eie bestaan. Miskien sal Hy darem so 'n "ietsie", so 'n "klein bietjie" meer kan doen as wat ons kan doen, maar nie veel nie. Soos in Nasaret moet ons dan ook nie verbaas wees as ons net ontvang wat ons in ongelof verwag nie.

Glo eerder in Hom. Hy is nie net 'n mensekind uit Nasaret nie, maar die Almagtige God self. Glo dat alles vir Hom moontlik is.

Sing: Psalm 33:5, 7

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)